136/86

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

JOOL WILLIAMS .......................... Appellant

EN

DIE STAAT .............................. Respondent

Coram: RABIE, HR JACOBS AR et GALGUT, Wnd AR

Verhoor: 13 November 1986

Gelewer: 25 November 1986

---

## U I T S P R A A K

JACOBS, AR :

Appellant en twee ander, tw Charles Duimpies en Harry Demas (ek verwys hierna na hulle as Duimpies en Demas), het in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop voor

Tebbutt .... / 2

Tebbutt R en twee assessore tereg gestaan op 'n aanklag van moord. Die bewerings teen hulle was dat hulle op Saterdag, 25 Augustus 1984 en te of naby Blackheath in die distrik Kuilsrivier vir Johanna Conradie wederregtelik en opsetlik gedood het deur haar te wurg, met 'n stuk hout te slaan, haar te skop en haar te brand. Al drie beskuldigdes is skuldig bevind aan moord sonder versagtende omstandighede en al drie is ter dood veroordeel. Slegs appellant het aansoek gedoen om verlof om teen die skuldigbevinding sowel as die vonnis te appelleer en die Verhoorregter het sodanige verlof aan hom verleen.

Johanna Conradie (die oorledene) was 19 jaar oud. Gedurende Augustus 1984 het sy blykbaar by ene Elizabeth Daniels, een van die staatsgetuies, gebly. Volgens Elizabeth het sy die oorledene op Saterdag 25 Augustus 1984,

die .... / 3

die dag waarop die Staat beweer sy vermoor is, vir die laaste keer lewend gesien. Ek verwys later weer na Elizabeth se getuienis in dié verband. Blykbaar is die oorledene se lyk ongeveer twee weke later, d w s ná die voormelde Saterdag, ontdek. Ongelukkig het die Staat geen getuienis voorgelê van wie die lyk ontdek het nie, presies wanneer dit ontdek is nie en onder watter omstandighede dit ontdek is nie. Dit skyn egter of dit by die verhoor gemene saak was dat die oorledene se lyk in 'n bos tussen Eersterivier, waar oorledene destyds woonagtig was, en 'n plek met die naam van Blackheath gevind is.

Volgens die patoloog wat die regsgeneeskundige lykskouing op 5 September 1984 gehou het, was oorledene se lyk op daardie stadium in 'n toestand van ontbinding maar hy

was .... / 4

was van mening dat die oorsaak van dood aan 'n kopbesering toegeskryf kan word. Daar was vier skeurwonde aan die kop wat gewissel het van 2,5 tot 7 sentimeters in lengte. Daar was geen frakture van die skedel nie maar daar was bloeding op die brein, veroorsaak deur die kopbeserings. Hy het tekens van verwurging gevind wat moontlik met gebruik van 'n voorwerp soos 'n serp veroorsaak kon gewees het. Aan die binnekant van beide oorledene se dye was daar uitgebreide brandwonde maar dit het nie bygedra tot oorledene se dood nie.

Duimpies is op 10 September 1984 in verband met oorledene se dood gearresteer. Op 11 September 1984 het hy vrywilliglik 'n verklaring voor 'n landdros afgelê. Hierdie verklaring (Bew C) is by die verhoor ingehandig as deel van die Staat se saak. In die verklaring vertel Duimpies dat

die .... / 5

die oorledene in die betrokke bos om die lewe gebring is in sy teenwoordigheid sowel as in die teenwoordigheid van Demas en appellant en nog drie ander persone by name Tiekie, Lony en Julius. Duimpies impliseer vir appellant en die ander vier mans in die moord en probeer die indruk skep dat sy aandeel eintlik onder dwang van die ander geskied het. Hy beweer dat Magriet Fortuin, wat 'n staatsgetuie was ook teenwoordig was.

Op 4 Oktober 1984 is Demas, appellant en voormelde Magriet Fortuin (hierna genoem Magriet), ook in verband met die moord gearresteer. Op 5 November 1984 verskyn Duimpies, Demas, appellant en Magriet toe voor die landdroshof op Kuilsrivier en word hulle ingevolge art 119 van die Strafproseswet no 51 van 1977 (die Wet) aangesê om op die

aanklag van moord te pleit. Die notule van hierdie verrigtinge (Bew B) is ook deur die Staat by die verhoor ingehandig. Duimpies het by hierdie geleentheid skuldig gepleit terwyl Demas, appellant en Magriet onskuldig gepleit het. Duimpies is deur die landdros ingevolge art 112(1)(b) van die Wet ondervra. In breë trekke was sy relaas dat hy die oorledene op Saterdag 25 Augustus 1984 na die bosse toe geneem het met die spesifieke doel om haar te gaan vermoor omdat, soos hy dit gestel het, "sy 'n ooggetuie was van die moord die Vrydagaand." Dit het uit die getuienis by die verhoor geblyk dat iemand wel die Vrydagaand vermoor is maar die besonderhede omtrent die hofsaak wat op daardie moord gevolg het is taamlik vaag. Dit blyk egter uit die getuienis dat appellant een van die beskuldigdes in daardie saak was. Een persoon - dit is nie duidelik

geantwoord. By dieselfde pleitverrigtinge het Demas, appellant en Magriet ontken dat hulle aandadig was aan oorledene se dood of teenwoordig was toe sy gedood is. Magriet het o a gesê "Ek was die Saterdag in Bellville gewees."

Die verhoor voor die Hof a quo het op 15 April

wie dit was nie - is skuldig bevind aan moord en Demas is skuldig bevind aan poging tot roof. Die saak teen Magriet, wat eers ŉ mede-beskuldigde was, is teruggetrek en sy is, net soos in die onderhawige saak, as staatsgetuie geroep. Dit blyk verder dat sy vir appellant by die Vrydagaand se insident betrek het maar dat haar getuienis in dié verband deur die hof wat daardie saak verhoor het verwerp is en dat appellant onskuldig bevind en ontslaan is. In sy pleitverduideliking, waarna ek vroeër verwys het, gee Duimpies ŉ volledige beskrywing van hoe hy die oorledene met sy serp verwurg het, hoe hy haar toe met ŉ stuk hout oor haar kop geslaan het tot sy dood is en hoe hy toe hout op haar gepak het en die hout aan die brand gesteek het. Op ŉ vraag van die landdros of hy alleen saam met oorledene was toe al die dinge gebeur het, het Duimpies bevestigend

1986 begin. Toe die drie beskuldigdes, wat deur verskillende advokate verteenwoordig was, gevra is om op die aanklag te pleit, het Duimpies skuldig gepleit terwyl Demas en appellant onskuldig gepleit het. Demas en appellant se onderskeie advokate het, namens hulle, aangedui dat genoemde twee ontken dat hulle enige aandeel gehad het in die oorledene se dood of teenwoordig was toe die oorledene gedood is. Eers daarna het die voorsittende regter, op uitnodiging van Duimpies se advokaat, vir Duimpies ingevolge art 112(1)(b) van die Wet ondervra aangesien geen verklaring deur Duimpies ingevolge art 112(2) van die Wet op skrif gestel is nie. Tydens ondervraging deur die voorsittende regter het Duimpies in breë trekke die inhoud van sy pleitverduideliking voor die landdroshof op 5 November 1984, <u>Bew B</u>, herhaal. Die strekking

daarvan was weer dat hy die oorledene vermoor het en daar was geen suggestie van sy kant dat iemand anders hom gehelp het om die moord te pleeg nie of teenwoordig was toe hy dit gedoen het nie. 'n Pleit van onskuldig is deur die Hof t o v Duimpies genotuleer.

Nadat die mediese getuienis waarna ek reeds verwys het, aangebied is het die Staat vir Magriet as getuie geroep. Die saak teen haar is blykbaar op een of ander stadium na die pleitverrigtinge van 5 November 1984 teruggetrek. Ek is nie van plan om haar getuienis in detail weer te gee nie. In breë trekke was die strekking daarvan dat op die Saterdag van die beweerde moord omstreeks 12 uur, sy en die oorledene, op Duimpies, Demas en appellant se versoek, laasgenoemde drie vanaf Eersterivier na Blackheath vergesel het. Hulle het

kortpad deur ŉ bos gestap en op ŉ stadium in die bos het die drie mans skielik die oorledene daarvan beskuldig dat sy "gepimp" het wat blykbaar beteken dat sy aan mense vertel het wie betrokke was by die moord wat die vorige Vrydagaand gepleeg is. Daarna het die drie die oorledene begin aanrand. Sy beweer dat appellant die aanranding begin het deur oorledene met ŉ stuk hout oor die kop te slaan. Daarna het Duimpies sy serp om oorledene se nek gesit en die drie mans het die oorledene toe met sy serp verwurg. Toe sy flou op die grond val, het die drie haar om die beurt met die stuk hout oor die kop geslaan. Daarna het Duimpies begin om hout op oorledene te pak. Op daardie stadium, en terwyl Duimpies nog besig was om na vuurhoutjies te soek om die hout aan die brand te steek, is sy, Magriet, en Demas en appellant daar

weg. Hulle het Duimpies op die toneel gelos en het hom nie weer gesien nie. Na kruisondervraging deur die ander advokate het advokaat Rörich, namens die Staat, die Hof soos volg toegespreek en die volgende kommentaar van die Verhoorregter ontlok; ek haal aan:

> "MR RÖRICH: My Lord, I would just like to mention at this stage that there was a bit of deviation from a statement. I made it available to My Learned Friends, so it might be advisable that this witness returns tomorrow when My Learned Friends have had a chance to go through the statement and very likely damage what has already been - or worsen the damage.
>
> COURT: Do you think it's going to help to give us any better impression of this witness ---- .
>
> MR RÖRICH: I don't think so My Lord, it just depends on My Learned Friends, I just want to give them then the opportunity to ----
>
> COURT: Subject to what you're going to have to say in argument neither of us have asked this witness any questions because quite honestly, Mr Rörich, many things that she says to us at this stage, I am not prepared to believe".

Watter afwykings daar in die getuie se verklaring was, weet ons nie want dit is toe nooit ingehandig nie en Magriet is nie deur die advokate namens Demas en appellant daaroor ondervra nie. Daaroor is ek glad nie verbaas nie, want ná die opmerkings van die Verhoorregter en, in 'n mate ook die afleiding wat mens moet maak uit die houding van die Staat se advokaat, sou die advokate namens Demas en appellant geregtig gewees het om te dink dat dit blote verkwisting van tyd sou wees om Magriet verder te diskrediteer.

Die volgende getuie wat die Staat geroep het was voormelde Elizabeth Daniels by wie se huis die oorledene ten tyde van die gebeure gebly het. Duimpies het blykbaar ook soms by haar huis geslaap. Vir Demas en appellant het sy geken en Magriet was 'n vriendin van haar. Sy het getuig

dat .... / 13

dat sy die betrokke Saterdag vir Duimpies, Demas, appellant, Magriet en die oorledene saam gesien loop het in die rigting van Blackheath. Sy het eers gesê hulle het in die rigting van die bos geloop maar het later gesê hulle is in die bos in. Sy kon nie die datum gee wat sy die groep gesien loop het nie maar volgens haar was dit die Saterdag nadat daar die vorige nag ŉ moord gepleeg is en daar die oggend ŉ lyk in die veld naby haar huis gelê het. Dit was ook die laaste keer wat sy oorledene lewend gesien het. Volgens haar was die groep "ŉ hele ent" van haar af toe sy hulle gesien het. Sy het vanuit die getuiebank na strate beduie om die distansie wat die groep van haar was te probeer bepaal en die Verhoorregter het dit geskat op "so'n 100 tot 150 meter". Sy het etlike kere gesê dat Magriet ŉ vriendin van haar was maar het getuig dat

sy na die betrokke Saterdag nooit weer vir Magriet gesien het nie en dat hoewel sy blykbaar buite die hof gesit en wag het terwyl Magriet getuig het, sy nie geweet het dat Magriet 'n getuie in die saak was nie. Sy het in elk geval nooit die saak met Magriet bespreek nie.

Die Staat het daarna sy saak gesluit. Ek meen dit moet duidelik wees dat in die lig van die Verhoorregter se opmerking omtrent die kwaliteit van Magriet se getuienis waarna ek vroeër verwys het daar aan die einde van die Staat se saak geen aanvaarbare getuienis hoegenaamd was wat appellant by die moord betrek het nie. Hoe dit ook al sy, Duimpies is toe deur sy advokaat opgeroep om te kom getuig. Hy het onmiddellik met die deur in die huis geval en gesê dat wat hy vir die Hof in sy pleitverduideliking gesê het, naamlik dat hy

alleen verantwoordelik was vir die moord op die oorledene, nie die waarheid was nie. Die waarheid, so het hy getuig, is soos wat Elizabeth Daniels getuig het naamlik dat Demas, appellant en Magriet die Saterdag saam met hom en die oorledene die bos in is en, soos Magriet getuig het, dat hy en Demas en appellant saam vir oorledene aangerand het en haar vermoor het. Hy het erken dat, op sy jongste weergawe, hy in sy verklaring aan die landdros, Bewys C, valslik drie onskuldige mense naamlik Tiekie, Lony en Julius by die moord betrek het, maar, het hy gesê, dit was omdat hy probeer het om sy kant "skoon te praat" en toe het hy maar vir bogemelde drie "in die saak gedruk". Hy kon nie verduidelik waarom hy, benewens Demas en appellant wat volgens hom in elk geval die misdaad help pleeg het, ook nog drie onskuldige mense se name moes bysleep nie.

In .... / 16

In sy pleitverduideliking voor die landdroshof, Bew B, het hy, so het hy getuig, maar al die skuld op homself geneem om vir Demas en appellant te help. Sy pleitverduideliking voor die Hof a quo het hy, tydens kruisondervraging deur advokaat Rörich, probeer verduidelik deur te sê dat hy nie geweet het sy twee mede-beskuldigdes gaan onskuldig pleit nie en toe hy hoor hulle pleit onskuldig het hy besluit om die waarheid te praat. Die waarheid, volgens hom, was dit wat hy onder eed getuig het naamlik dat hulle hom gehelp het om die moord te pleeg. Dit was natuurlik 'n leuen want sy eie pleitverduideliking voor die Hof a quo waarin hy geen woord rep van sy mede-beskuldigdes se betrokkenheid nie, is gegee nadat hy baie goed geweet het dat Demas en appellant onskuldig pleit en alle aandadigheid aan die misdaad ontken. Later in sy getuienis, nog steeds in antwoord

op .... / 17

op vrae deur advokaat Rörich, het Duimpies beweer dat hy die vorige dag besluit het om die waarheid te vertel omdat sy ma "nie vir (hom) lekker gelyk het omtrent die verklaring wat (hy) vroeër in die hof gemaak het nie". Hy het toe die aand toe hy in die sel lê besluit om vir die Hof te vertel van Demas en appellant se aandeel in die misdaad. Duimpies het ook erken dat voor die verhoor van die huidige saak begin het hy op een of ander stadium, terwyl hy en 'n groep saam in 'n voertuig na die Hof vervoer is, iemand in die voertuig aangeval en gedood het en dat Demas en appellant teenwoordig was en as getuies opgeroep is om in die aanklag van moord wat uit daardie voorval spruit, en wat nog moet voorkom, teen hom te getuig.

Demas en appellant het beide onder eed getuig en beide het ontken dat hulle die betrokke Saterdag saam met Duimpies

of Magriet of die oorledene die bos ingegaan het of dat hulle enige aandeel in oorledene se dood gehad het of teenwoordig was toe sy gedood is.

In die Verhoorhof se uitspraak word gesê dat as

"Magriet se getuienis alleen gestaan het, sou ons sonder aarseling geen waarde hoegenaamd daaraan geheg het nie".

Die Hof gaan egter dan voort en sê:

"Maar die feit bly staan dat wat die wesenlike aspekte van die aanval op die oorledene betref, sy en Duimpies dieselfde storie vertel. Duimpies was van sy arrestasie af in hegtenis. Dit sou dus feitlik onmoontlik gewees het vir hulle om bymekaar te kom om dieselfde storie uit te werk en later te kom vertel."

In die uitspraak word dan op sekere verskille in Magriet en Duimpies se relase van die aanval op oorledene verwys maar, gaan die uitspraak voort, hierdie verskille is

"nie van so'n aard om afstand te doen van die feit dat op die belangrike aspekte hulle dieselfde storie vertel nie."

Nou wil ek met groot respek aan die hand doen dat behalwe vir die feit dat oorledene in die bos aangeval is Duimpies en Magriet se weergawes van hoe die aanval plaasgevind het feitlik op elke wesenlike aspek verskil. Ek verwys slegs na die volgende:

Magriet sê die aanval is deur appellant begin wat vir die oorledene met 'n stuk hout oor die kop geslaan het. Daarna het Duimpies die serp om haar nek gesit en het Duimpies, Demas en appellant haar met die serp verwurg. Toe die oorledene op die grond val het al drie haar met die stuk hout oor die kop geslaan.

Duimpies se weergawe is dat hy sy serp van sy nek afgehaal het en om oorledene se nek gesit het. Toe het hy, Demas en appellant almal aan die serp getrek totdat

die oorledene op die grond geval het. Toe eers is sy deur die drie mans om die beurt oor die kop geslaan.

Magriet vertel ook van 'n yster waarmee al drie mans die oorledene geslaan het. Hiervan rep Duimpies nie 'n woord nie.

Magriet vertel dat nadat oorledene geslaan is en stil bly lê het Duimpies alleen takke op haar gepak het en terwyl hy besig was om na vuurhoutjies te soek om die takke aan die brand te steek, het sy en Demas en appellant geloop. Hulle het vir Duimpies daar gelos en hom nie weer gesien nie.

Duimpies sê hy en Demas en appellant het al drie saam takke op oorledene gepak, dit aan die brand gesteek en hulle is almal saam van die toneel weg.

Magriet sê toe die takke op die oorledene gepak is, het sy op haar rug gelê. Duimpies sê sy het op haar maag gelê.

Ek is dus van mening dat die Verhoorhof se stelling dat wat die wesenlike aspekte van die aanval op die oorledene betref Magriet en Duimpies "dieselfde storie vertel" nie deur die getuienis gesteun word nie.

'n Aspek wat die Verhoorhof blykbaar baie beïndruk het, was dat Magriet se beskrywing van die aanval op oorledene inpas by die beserings wat die patoloog gevind het. In die Verhoorhof se uitspraak word dit soos volg gestel:

> "Hoe sou sy dan geweet het hoe oorledene daardie beserings opgedoen het. Sy moes derhalwe teenwoordig gewees het."

Wat die Verhoorhof egter blykbaar uit die oog verloor het, is dat Magriet teenwoordig was toe Duimpies sy pleitverduideliking Bew B voor die landdroshof gegee het. Sy was destyds 'n mede-beskuldigde. Daar het Duimpies vertel dat

hy die oorledene met die serp verwurg het, dat hy oorledene met 'n hout oor die kop geslaan het en dat hy toe takke op oorledene gegooi het en dit aan die brand gesteek het. Dit was eintlik al waarop die mediese getuienis neergekom het naamlik dat oorledene kopwonde gehad het, dat daar tekens van verwurging was en dat daar brandwonde aan oorledene se liggaam was. Ek sou dus met groot huiwering bereid wees om te aanvaar dat Magriet noodwendig 'n ooggetuie van die aanval op oorledene moes gewees het bloot op grond daarvan dat haar beskrywing van die aanval inpas by die beserings wat by die nadoodse ondersoek gevind is. Ek sou eerder geneig wees om, vanweë die verskille wat daar was tussen Magriet en Duimpies se weergawes waarna ek hierbo verwys het, die afleiding te maak dat Magriet <u>nie</u> teenwoordig was toe die oorledene gedood is nie soos Duimpies dan

ook in sy pleitverduideliking voor die landdroshof en die Hof a quo te kenne gegee het. Hoe dit ook al sy, ek bespreek vervolgens kortliks die Hof a quo se benadering van Duimpies se getuienis voor daardie Hof want dit is hoofsaaklik op sy getuienis wat appellant se skuldigbevinding gebaseer was.

Die Verhoorregter sê in sy uitspraak:

"Duimpies het op ons 'n goeie indruk gemaak. Hy het wel voorheen oor die voorval 'n leuen vertel en hy erken dit. Hy het ons nou as geloofwaardig voorgekom en ons het al drie die indruk gekry dat hy nou met die volle waarheid vorendag wil kom om sy gewete skoon te maak."

Nou moet ek dadelik sê dat die stelling dat Duimpeis voorheen oor die voorval "'n leuen" vertel het, die ware toedrag van sake darem baie saggies stel. As sy getuienis geglo moet word, het hy voorheen drie leuens oor die voorval vertel. Een in sy verklaring voor die landdros en 'n verdere twee

in sy daaropvolgende pleitverduidelikings. Wat my betref is die leuens wat hy in sy verklaring voor die landdros vertel het die ernstigste van aard. As sy getuienis voor die Hof a quo geglo moet word dan het hy in daardie verklaring doelbewus drie onskuldige mense tw Tiekie, Lony en Julius valslik by die moord op oorledene betrek. Die Verhoorhof verwys wel in sy uitspraak na hierdie verklaring, maar gebruik dit eintlik in Duimpies se guns omdat dit dan sou aantoon dat hy reeds vir Demas en appellant by die moord op oorledene betrek het op 'n stadium voordat hulle nog getuie was van die moord wat na bewering deur hom in die vangwa gepleeg is. Die feit dat Demas en appellant teen hom gaan getuig as hy vir die tweede moord aangekla word, kan dus nie as moontlike rede dien, so redeneer die Hof, waarom hy nou genoemde twee valslik by die moord op die oorledene

sal wil betrek nie. Na die feit dat Duimpies op sy huidige weergawe inderdaad drie ander onskuldige mense valslik by die moord probeer betrek het, word daar in die uitspraak glad nie verwys nie. Maar selfs in sy getuienis voor die Hof a quo het Duimpies nie geskroom om onwaarhede te vertel nie. Ek het reeds verwys na sy eerste verduideliking waarom hy dan kwansuis nou besluit het om "die waarheid" te vertel en dit as ŉ ooglopende leuen bestempel. Hy het ook in sy verklaring voor die landdros, Bew C, ŉ lang storie vertel van hoe Tiekie, appellant en ŉ groep ander die Vrydagaand voor die oorledene vermoor is by ŉ smokkelhuis mense aangerand het en van ŉ baadjie beroof het. Toe hy deur appellant se advokaat oor die insident ondervra is het hy ontken dat hy ooit so iets vir die landdros vertel het. Hy het gesuggereer dat die landdros dit

uit sy eie in die verklaring moes ingeskryf het. Dit was eers toe die Verhoorregter vir hom daarop gewys het dat dit mos verregaande is om te wil beweer dat die landdros so'n storie uit sy duim sou suig dat hy onthou het dat hy vir die landdros so iets vertel het maar, sê hy toe, dit was wat iemand anders hom die volgende dag vertel het. Hierdie is miskien 'n nietigheid in vergelyking met die ander leuens wat Duimpies vertel het, maar dit is tog 'n verdere aanduiding van die onbetroubaarheid van sy getuienis. Dit is natuurlik geykte reg dat die versigtigheidsmaatreël wat daar geld wanneer 'n medepligtige namens die Staat teen medepligtiges wat beskuldigdes is, getuig, soos in R v Ncanana 1948 (4) SA 399 (A) uiteengesit, ook ten volle van toepassing is op 'n beskuldigde wat teen sy mede-beskuldigdes getuig (kyk bv S v Dladla 1980 (1) SA 526 (A) op 529). Onder die omstandighede van hierdie saak sou dit

ooglopend uiters gevaarlik gewees het om Duimpies se relaas in die Hof *a quo* van hoe die oorledene aan haar einde gekom het en wie, behalwe hyself, daarvoor verantwoordelik was te aanvaar sonder dat daar *sterk* (en ek doen die onderstreping doelbewus) stawende getuienis vir sy weergawe was. Die Verhoorhof het hierdie stawing blykbaar probeer soek in die getuienis van Magriet, maar omdat sy self so'n onbetroubare getuie was dat "as haar getuienis alleen gestaan het, sou die hof geen waarde hoegenaamd daaraan geheg het nie" het die Hof eintlik stawing vir haar getuienis van wat in die bos gebeur het gesoek in Duimpies se getuienis. In dié verband het die Hof dus eintlik in 'n sirkel geredeneer. Bowendien is dit vreemd dat die Hof hoegenaamd Magriet se getuienis in ag geneem het nadat dit tevore (soos hierbo aangedui) aan die advokate te kenne gegee

het dat haar getuienis buite rekening gelaat kan word.

Die Verhoorhof was beïndruk deur Elizabeth Daniels as getuie en het haar getuienis geglo. Appellant se advokaat het daarop gewys dat sekere aspekte van haar getuienis vatbaar is vir kritiek. Ek ag dit nie nodig om hierdie kritiek te bespreek nie want na my mening dra haar getuienis nie wesenlik by tot die kern van die saak nie naamlik of dit bo redelike twyfel bewys is dat appellant 'n aandeel gehad het in die aanval op oorledene wat tot haar dood gelei het. Na my mening was daar nie sodanige bewys nie.

Die appèl slaag dus en die skuldigbevinding en vonnis word ter syde gestel.

H.R. JACOBS, AR

RABIE, HR ) stem saam
GALGUT, Wnd AR)